**König, Adrio 1998 – Vernuwe of verdwyn**

Kaapstad: Lux Verbi. 116 Bladsye. Prys: R49-00

**Resensent: Dr Willie Kloppers (Pretoria)**

Hierdie populêr-teologiese bydrae tot 'n besonder aktuele en noodsaaklike debat, is tydig. Die saak van *vernuwing* word in die titel as van deurslaggewende belang vir die kerk se voortbestaan aangebied. Wanneer 'n saak só gewigtig is dat dit die voortbestaan van die kerk raak, is dit belangrik dat soveel as moontlik van die kerk se lidmate by die debat daaroor betrek word, en nie net teoloë of enkele belangstellendes nie. Die skrywer het daarin geslaag om deur middel van die skryfstyl en bevatlike indelings die inhoud vir 'n breë leserskring toeganklik te maak. Dit bied belangrike perspektiewe op die feitelikheid van die bestaan van verskillende vorme van aanbidding en spiritualiteit, die historiese agtergrond daarvan en die verskeidenheid moontlikhede wat in die begrip *vernuwing* opgesluit lê. Dit is 'n eerlike poging om verskeidenheid te akkommodeer sonder om eenheid prys te gee. Die skrywer stel die verskillende moontlikhede op gebalanseerde wyse aan die leser bekend. Wanneer hy self keuses maak en spesifieke standpunte inneem, spreek dit van 'n innerlike geloofsoortuiging, maar wat ook reeds 'n bepaalde vorm van spiritualiteit verteenwoordig.

'n Positiewe aspek is die verskeidenheid konkrete vernuwingsmoontlikhede wat aan die orde gestel word. Dit deurbreek die algemeen gangbare idee dat slegs die sang of die prediking die kerk "van ondergang" kan red. Die klem word tereg op 'n globale en algehele vernuwing in elke aspek van die geloofslewe geplaas: die struktuur en inrigting van die kerkgebou; die gelowiges se liggaamshoudings en -taal; die predikant se kanselhouding en lewe van die kansel af; die persoonlike en gesamentlike spiritualiteit wat (woordeloos) 'n boodskap verkondig; die vergaderings en byeenkomste van twee of drie gelowiges. Indien vernuwing maar net gedeeltelike aanpassing ter wille van tydelike oorlewing is, is dit halfhartig en onoortuigend en daarom van min waarde. Die boodskap van hierdie boek is inderdaad dat vernuwing slegs deur middel van die ware Vernuwer, die Skepper-Gees tot stand kan kom.

Ongelukkig word die uitnodiging om by vernuwing betrokke te raak en die kerk sodoende van verdeling te red, nie effektief deur die metateks uitgebou nie. Die voorstelling op die voorblad van groteske ratte wat onverbiddelik draai en dreig om die kerk (wat reeds verdeel is) tot ondergang te maal, is sterk afdreigend. Dit kommunikeer wel die gevaar waarteen die boek wil waarsku, maar dit kan terselfdertyd daartoe lei dat potensiële lesers afgeskrik word om die boek oop te maak. Dit dra wel die dringendheid van die keuse wat gemaak moet word oor en stem in hierdie opsig met die inhoud ooreen, maar dit doen nie reg aan die positiewe boodskap van hoop waarmee die boek afsluit nie. Baie meer moeite behoort in die algemeen gedoen te word om te verseker dat buiteblaaie en alle ander visuele aspekte dieselfde bood-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

skap as die inhoud oordra, om daardeur effektiewe paratekstuele kommunikasie moontlik te maak. Vir diegene wat deur die ultimatum-tipe titel uitgedaag of aangespoor word, is die inhoud wel 'n beloning.